**Distansiëring van leiers se visie van kerk as regering se opposisie**

Twaalf predikante (Leiers) het besluit dat die NG Kerk se gemeentes, lidmate en vergaderinge nou uit geloofsoortuiging profeties openlik godsdienstig en demonstratief die president en regering se opposisie moet wees in die oploop na die verkiesing van 2024.

Volgens die woordvoerder van die 12 leiers, ds. Nelis van Rensburg, moet die NG Kerk se kerkgangers die godsdienstige opposisie word teen die president en regering se sentralistiese en sosialistiese ideologie en moet kerkgangers nou begin om met ‘n ander ideologie te werk. (sic) Hulle het ook ‘n nuwe visie vir die NG Kerk ontwerp. Naamlik om die oortuigings, identiteit, trots en selfbeeld van die nasie te herstel en te genees. Hierdie nuwe visie kom in die plek van die ou visie waarin hierdie tipe leiers hulle vir 30 jaar voorgehou het as die morele mentor vir die regering soos verwoord in die NG Kerk se VAM verslag van 2000. (Versoening, armoede en moraliteit). ‘n Self verklaarde mentorskap wat die nasie vir 23 jaar lank of nie van geweet het nie of nie aanvaar het nie.

Hierdie 12 leiers roep alle gemeentes op om op 13 Augustus met aanbidding in eredienste hulle eiemagtige visie en eensydige besluit vir en binne die NG Kerk te bekragtig. Op hierdie wyse word die besinning en besluitneming oor die geldigheid, nodigheid, inhoud, karakter, aanspreeklikheid of die gevolge van hierdie saak van kerkrade, ringe, sinodale bestuursliggame en sinodes weerhou.

Dit doen hulle omdat hulle hulself as bemagtigde geestelike leiers sien wat nou ewe skielik na 30 jaar die gevolge raaksien van ‘n korrupte sosialistiese kleptokrasie. Egter, juis hierdie tipe geestelike leiers in die NG Kerk was die leiers wat enige opstand en verset in die kerk teen hierdie kleptokrasie vir 30 jaar lank onderdruk, vermy of tersyde gestel het, soos hulle dit met die deurlopende openlike teenstand van die Ring van Louis Trichardt teen die misdrywe en korrupsie van die regering sedert 1997 gedoen het. Hierdie tipe leiers het met ‘n geestelike visie van versoening  lidmate gelei om skuld vir apartheid te bely en dan restitusie te doen deur die opgee van werk, eiendom, studie- en sportgeleenthede, identiteit en toekoms.

Só was hulle vir die regering ‘n vennoot en het hulle gedeel in die mag van die regering terwyl die regering magtig was. Nou dat die huidige regering se mag taan, wil hulle weer deel van die magsvorming van die opposisie word. Dít sonder enige aanspreeklikheid vir hulle magsdeling deur die visie van versoening, en die gevolge van hierdie visie van versoening  vir magsdeling met die huidige regering.

Hierdie leiers het presies dieselfde met die NP gedoen toe hulle magtig was en toe hulle mag begin verbrokkel het, eers mag gedeel en toe profeties geword teen die mag wat hulle gedeel het, toe die mag begin verbrokkel het. Dieselfde lidmate wat deur hierdie soort leiers se visie van versoening teen kaderontplooiing ontmagtig was, en hulle self aan staatsplundering moes onderwerp het as versoening, sonder opposisie of verset, moet nou skielik met aanbidding, as kerkgangers(sic), die magsbasis vir hierdie leiers se  godsdienstige opstand teen die regering wees.

Predikante wat hulle self as geestelike leiers sien mag nie so iets vir die NG Kerk eensydig besluit en hulle eensydige besluit met lidmate se gebed en verootmoediging in eredienste in die kerk invoer nie. Nie twaalf nie en ook nie ‘n duisend nie. Die NG Kerk word met behoorlike vergaderinge met behoorlike gesag en ordes presbiteriaal bestuur wat sake soos hierdie behoorlik moet behandel.

Die lede van die sinodale diensraad van die Noordelike Sinode het tydens sy vergadering van 19 Julie 2023 gestel dat hulle die Verootmoedigingsdag van 13 Augustus sien as net ‘n geleentheid om oor die ellende waarin die land is voorbidding te doen en dat hulle dit nie sien as ‘n biddag teen die president en regering nie, ook nie as ‘n sanksionering van die 12 leiers se visie van godsdienstige opposisie van die NG Kerk teen die president en regering nie. Daarmee het hulle hulle van die verduideliking van ds. Nelis van Rensburg oor die bedoeling van hierdie biddag gedistansieer.

Die Ring van Louis Trichardt aanvaar dat ds. Van Rensburg die bedoeling van hierdie 12 leiers om die NG kerkgangers te verbind tot ‘n visie van geestelike opposisie teen die president en regering, en die self verklaarde mentorskap van die NG Kerk vir die nasie se oortuigings, identiteit en selfbeeld, in die openbare media duidelik verwoord het.

Die Ring van Louis Trichardt kan en sal nie die aanbidding van Jesus Christus as Here in eredienste gebruik om hierdie leiers se visie te bemagtig of hulle nuwe mentorskap van die nasie vir die NG kerk te bekragtig nie.

“Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van god kom nie, en die owerhede is daar deur die beskikking van God.” (Rom.13:1 1983) Ons bid nie teen magtige of swak regerings en presidente nie maar vir hulle terwyl ons hul sondes aanspreek – wanneer hulle dit doen.

(Die gespreksdokument van die Ring van Louis Trichardt wat voor die SDR van Noordelike Sinode gedien het is elektronies op Google beskikbaar op die webwerf “ evangelie-vandag.co.za” onder die opskrif “Brandpunte“

Die Ring van Louis Trichardt.
25.07.2023